# NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

Artikel: 14

## DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN

## DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN





Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig, sodat hy met sy wil in alles met die wil van God ooreenstem. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die vervloeking onderwerp.

Hy het immers die geb [illegible] e lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgesk [illegible] od, wat sy ware lewe was; so het hy sy he [illegible] verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien.

Hy het deurdat hy [illegible] oen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gaw [illegible] y van God ontvang het, verl [illegible] het niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoe [illegible] om hom van alle verontskuld [illegible] ntneem.

Al die lig wat [illegible] het immers in duisternis verander, soos die Skrif ons leer: En die lig skyn in die duisternis [illegible] isternis het dit nie oorw [illegible] waar die heilige Johannes die mense duisternis noem.

Daarom [illegible] ns alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks [illegible] s 'n slaaf va [illegible] de is nie en: "'n Mens ka [illegible] dit hom nie ui [illegible] e is nie". Want wie is daar [illegible] op sal roem [illegible] homself iets goeds k [illegible] "Nie [illegible] die Vader wat My ge [illegible] hom nie t [illegible]
Wi [illegible]
W [illegible]

Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer.
Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand bring nie. Dit leer Hy ons as Hy sê: "Sonder My kan julle niks doen nie".

# Nederlandse Geloofsbelydenis

**DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN**

Artikel: 14

Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het;



Genesis 2:7: het die HERE God die mens met stof uit die grond gevorm, en in sy neus die asem van lewe geblaas. So het die mens 'n lewende wese geword.

Genesis 3:19: Met sweet aan jou gesig sal jy brood eet, totdat jy terugkeer na die grond; want daaruit is jy geneem – ja, stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.”

Nederlandse Geloofsbelydenis

**DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN**

Artikel: 14

Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig,



Genesis 1:26-27: God het gesê: “Laat Ons mense maak na ons beeld, as ons afbeelding, sodat hulle kan heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die diere en oor die hele aarde, en oor al die kruipende diere wat op die aarde rondbeweeg.” God het die mens geskep na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskep, manlik en vroulik het Hy hulle geskep.

Genesis 1:31: God het na alles gekyk wat Hy gemaak het, en kyk, dit was baie goed.

Efesiërs 4:24: Ja, trek die nuwe mens as kleed aan, wat in ware geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God geskep is.

Kolossense 3:10: en die nuwe mens aangetrek het, wat tot volle kennis en na die beeld van sy Skepper vernuwe word.

# Nederlandse Geloofsbelydenis

**DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN**

# Artikel: 14

Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig, sodat hy met sy wil in alles met die wil van God ooreenstem. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die vervloeking onderwerp.



Genesis 3:16-19: Vir die vrou het Hy gesê: "Ek sal jou swaarkry met jou swangerskap baie erger maak; met pyn sal jy kinders in die wêreld bring. Na jou man sal jou begeerte wees, maar hy sal oor jou heers." Vir die mens het Hy gesê: "Omdat jy geluister het na jou vrou se stem, en geëet het van die boom waarvan Ek jou beveel het, 'Jy mag nie daarvan eet nie!' is die grond deur jou toedoen vervloek. Met swaarkry sal jy daarvan eet, solank jy leef; dorings en dissels sal dit vir jou laat uitspruit, en jy sal veldplante eet. Met sweet aan jou gesig sal jy brood eet, totdat jy terugkeer na die grond; want daaruit is jy geneem – ja, stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer."

Prediker 7:29: Kyk, al wat ek kon vasstel, is dat God die mensdom reg geskape het, maar hulle is op soek na allerlei slim verklarings.

Romeine 5:12: Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld gekom het en as gevolg van die sonde die dood, so het die dood ook tot alle mense deurgedring, omdat almal gesondig het.

# Nederlandse Geloofsbelydenis

**DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN**

# Artikel: 14

Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien.



Genesis 2:17: maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie, want die dag wanneer jy daarvan eet, sal jy beslis sterf.”

Jesaja 59:2: Maar julle sondeskuld, dit het skeiding gebring tussen julle en julle God. Julle sondes het Hom sy gesig vir julle laat verberg, sodat Hy nie luister nie;

Efesiërs 2:1: Julle was dood deur die oortredings en sondes

Efesiërs 4:17-19: Dit sê en bevestig ek dan in die Here: Julle moenie meer soos die heidene met hulle niksbeduidende gedagtes leef nie. Hulle denke is verduister, hulle is vervreem van die lewe met God, omdat hulle onkundig is, deur die hardheid van hulle harte. Omdat hulle gevoelloos geword het, het hulle hulleself oorgegee aan losbandigheid, om onversadigbaar allerhande onrein dade te pleeg.

# Nederlandse Geloofsbelydenis

## DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN

## Artikel: 14

Hy het deurdat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor



Psalm 49:21: Maar 'n mens met skatte het nie insig nie; hy is net soos die diere – hulle gaan ten gronde.

Psalm 94:11: Die HERE ken mense se gedagtes, dat dit nietigheid is.

Romeine 3:10: soos daar geskryf staan: “Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie;

Romeine 8:6: Die denke van ons sondige aard loop uit op die dood, maar die denke van die Gees bring lewe en vrede.

Hy het deurdat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor en hy het niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom van alle verontskuldiging te ontneem.



Romeine 1:20-21: Want sy onsigbare eienskappe, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, word van die skepping van die wêreld af in sy werke begryp en is duidelik sigbaar. Gevolglik is hulle sonder verontskuldiging; want alhoewel hulle God ken, het hulle Hom nie as God geëer of gedank nie. Inteendeel, hulle denke het sinloos geword en hulle onverstandige harte is verduister.

Al die lig wat ons het, het immers in duisternis verander,



Efesiërs 5:8: Want vroeër was julle wel duisternis, maar nou, in die Here, is julle lig. Leef as kinders van die lig!

## DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN



Al die lig wat ons het, het immers in duisternis verander, soos die Skrif ons leer: En die lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie, waar die heilige Johannes die mense duisternis noem.



Johannes 1:5: En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis kon dit nie uitdoof nie.

# Nederlandse Geloofsbelydenis

**DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN**

Artikel: 14

Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as 'n slaaf van die sonde is nie en: "'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie".



Jesaja 26:12: HERE, U beskik vir ons vrede; ja, ook alles wat ons vermag het, het U vir ons bewerk.

Johannes 3:27: Johannes het geantwoord: "'n Mens kan niks ontvang as dit nie uit die hemel aan hom gegee is nie.

# DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN



Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as 'n slaaf van die sonde is nie en: "'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie". Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie"?



Johannes 6:44: Niemand kan na My kom as die Vader, wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie, en Ek sal hom op die laaste dag laat opstaan.

# Nederlandse Geloofsbelydenis

**DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN**

Artikel: 14

Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as 'n slaaf van die sonde is nie en: "'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie". Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie"? Wie sal op sy eie wil roem as hy verstaan dat "...wat die vlees bedink, vyandskap teen God is"?



Romeine 7:5: Toe ons nog in ons sondige aard vasgevang was, het die sondige hartstogte wat deur die wet kom, in ons ledemate gewerk om vrug te dra vir die dood.

Romeine 8:7: Die denke van ons sondige aard is vyandskap teen God; dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

Nederlandse Geloofsbelydenis **DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN** Artikel: 14

Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as 'n slaaf van die sonde is nie en: "'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie". Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie"? Wie sal op sy eie wil roem as hy verstaan dat "...wat die vlees bedink, vyandskap teen God is"? Wie sal op sy eie kennis roem as die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie?



1 Korintiërs 3:5: Wat is Apollos nou eintlik? En wat is Paulus? Hulle is dienaars deur wie julle tot geloof gekom het, soos die Here dit vir elkeen van hulle gegee het.

Nederlandse Geloofsbelydenis

## DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN

Artikel: 14

Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onsself nie bekwaam is om iets uit onsself te bedink nie maar dat ons bekwaamheid uit God is?



2 Korintiërs 3:5: Nie dat ons uit onsself bekwaam is om te reken dat iets uit onsself kom nie – nee, ons bekwaamheid kom van God.

Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onsself nie bekwaam is om iets uit onsself te bedink nie maar dat ons bekwaamheid uit God is?
Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer.



Filippense 2:13: Want Hy wat die gewilligheid en die optrede in julle bewerk soos Hy dit goedvind, is God.

## DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN



Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onsself nie bekwaam is om iets uit onsself te bedink nie maar dat ons bekwaamheid uit God is?
Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer.
Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand bring nie. Dit leer Hy ons as Hy sê: "Sonder My kan julle niks doen nie".



Johannes 15:5: Ek is die druiwestok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug, want sonder My kan julle niks doen nie.

## DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN



Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig, sodat hy met sy wil in alles met die wil van God ooreenstem. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die vervloeking onderwerp.

Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien.

Hy het deurdat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor en hy het niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom van alle verontskuldiging te ontneem.

Al die lig wat ons het, het immers in duisternis verander, soos die Skrif ons leer: En die lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie, waar die heilige Johannes die mense duisternis noem.

Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as 'n slaaf van die sonde is nie en: "'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie". Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie"?
Wie sal op sy eie wil roem as hy verstaan dat "...wat die vlees bedink, vyandskap teen God is"?
Wie sal op sy eie kennis roem as die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie?

Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onsself nie bekwaam is om iets uit onsself te bedink nie maar dat ons bekwaamheid uit God is?
Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer.
Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand bring nie. Dit leer Hy ons as Hy sê: "Sonder My kan julle niks doen nie".

## DIE SKEPPING VAN DIE MENS, DIE SONDEVAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN



Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het[1]; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig[2], sodat hy met sy wil in alles met die wil van God ooreenstem. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die vervloeking onderwerp[3].

Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien[4].

Hy het deurdat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor[5] en hy het niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom van alle verontskuldiging te ontneem[6].

Al die lig wat ons het, het immers in duisternis verander[7], soos die Skrif ons leer: En die lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie, waar die heilige Johannes die mense duisternis noem[8].

Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as 'n slaaf van die sonde is nie en: "'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie" [9].

Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie"? [10]

Wie sal op sy eie wil roem as hy verstaan dat "...wat die vlees bedink, vyandskap teen God is"? [11]

Wie sal op sy eie kennis roem as die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie? [12]

Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onsself nie bekwaam is om iets uit onsself te bedink nie maar dat ons bekwaamheid uit God is? [13]

Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer14.

Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand bring nie. Dit leer Hy ons as Hy sê: "Sonder My kan julle niks doen nie"[15].

1 Genesis 2:7; Genesis 3:19; Prediker 12:7
2 Genesis 1:26-27; Genesis 1:31; Efesiërs 4:24; Kolossense 3:10
3 Genesis 3:16-19; Prediker 7:29; Romeine 5:12
4 Genesis 2:17; Jesaja 59:2; Efesiërs 2:1; Efesiërs 4:17-19
5 Psalm 49:21; Psalm 94:11; Romeine 3:10; Romeine 8:6
6 Romeine 1:20-21
7 Efesiërs 5:8
8 Johannes 1:5
9 Jesaja 26:12; Johannes 3:27
10 Johannes 6:44
11 Romeine 7:5; Romeine 8:7
12 1 Korintiërs 3:5
13 2 Korintiërs 3:5
14 Filippense 2:13
15 Johannes 15:5